

## Subkomitee B van die Navorsingskomitee

### Oproep vir aansoeke vir volle na-doktorale navorsingsgenootskappe vir 2018

'n Oproep vir aansoeke vir 'n volgende rondte van Subkomitee B na-doktorale toekennings word hiermee gemaak.

Die volgende algemene inligting en prosedures is van toepassing:

- **Voltydse, permanente akademiese personeel uit die Fakulteite Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe en Ingenieurswese** kan as potensiële gashere aansoek doen. **Die genootskappe word aan gashere toegeken wie dit dan moet adverteer om geskikte kandidate te werf.** Die keuse van kandidaat moet ook finaal deur die komitee goedgekeur word.
- Die genootskappe is by voorkeur gemik daarop om na-doktorale kandidate *vanaf ander universiteite of instansies* (binnelands of buitelands) na die Universiteit Stellenbosch te lok. Die finale aanstelling van die kandidaat word deur Subkomitee B goedgekeur. Kandidate, wie hul doktrale kwalifikasie aan die US verwerf het, sal slegs vir befondsing oorweeg word indien die gasheer voldoende bewys kan lewer dat hy/sy 'n redelike poging aangewend het om 'n eksterne kandidaat te lok, maar nie daarin kon slaag om iemand met die nodige agtergrond en vaardighede te werf nie.
- Slegs een Subkomitee B na-doktorale genootskap mag op 'n keer deur 'n gasheer gehou word. Aansoekers wie dus in die vorige rondte sukses behaal het, mag nie weer in hierdie rondte aansoek doen nie.
- Aansoekers mag **slegs een aansoek** in hierdie oproep indien.
- Toekennings word op grond van akademiese meriete gemaak.
- 'n Genootskap moet opgeneem word binne 6 maande nadat dit aan 'n gasheer toegeken is. Dit is dus noodsaaklik dat alle aansoekers 'n redelike verwagting moet hê dat hy/sy wel in staat sal wees om 'n na-doktorale genoot te in daardie tydperk te werf.
- Na-doktorale kandidate kan slegs een maal deur middel van 'n vol Subkomitee B na-doktorale genootskap befonds word.
- Die toekenning bedra R250 000 per jaar en **die gasheer moet 'n verdere R15 000 uit eie bronne tot dit bydra.**
- Die nadoktorale kandidaat wat gewerf word en aan wie die toekenning uiteindelik uitbetaal gaan word, mag dit nie gesamentlik met 'n ander na-doktorale genootskap ontvang nie.
- Die toekenning sluit nie lopende kostes in nie en dit is die verantwoordelikheid van die gasheer om voldoende lopende kostes vir die volle periode van die genootskap te voorsien.
- Weens beperkte fondse, **kan die toekennings tans slegs vir een jaar gemaak word.** Indien daar wel voldoende fondse beskikbaar kom, sal befondsing vir 'n tweede jaar oorweeg word. Gedemonstreerde vordering deur die kandidaat sal ook hierdie besluit beïnvloed.
- Na-doktorale genote moet ook aangemoedig word om by ander bronne, soos die NNS en Claude Leon Stigting, aansoek te doen vir befondsing ter voortsetting van die genootskap na die subkomitee periode.
- Daar sal van gashere verwag word 'n verslag in te dien na afloop van die toekenningsperiode.

Geskandeerde of pdf kopieë van aansoeke moet per aansoekvorm ingedien word by die Afdeling: Navorsingsontwikkeling (mfouche@sun.ac.za), **teen 10:00 op 27 November 2017. Onvolledige aansoeke sal nie oorweeg word nie.**

Vriendelike groete.

Maléne Fouché  
Namens Subkomitee B